MO412/97



IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: SS.208/2003

DATUM: 26 MAART 2004

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

1. RENALDO VAN WYK
2. ANDRE NYL
3. DANIëL VAN REENEN
4. MERLE JENNIFER STUBS

---

## V O N N I S

VELDHUIZEN, R:

Wat beskuldigde 2, 3 en 4 betref, is die vraag wat eerstens beantwoord moet word die volgende: Is daar wesenlike en dwingende omstandighede, soos in artikel 51(3)(a) van Wet 105 van 1997 bedoel, wat ligter vonnisse as die voorgeskrewe vonnisse regverdig. Ek het reeds volledig met die misdade wat u gepleeg het in my uitspraak gehandel en vind dit nie nodig om dit weer te herhaal nie.

/....

Wat die misdade betref is daar na my mening geen versagtende omstandighede wat binne die betekenis van artikel 51(3)(a) van Wet 105 van 1997 wesenlike en dwingende omstandighede daarstel nie. Na my mening is daar eerder verswarende omstandighede teenwoordig.

Ook u persoonlike omstandighede is sodanig dat ek nie enige wesenlike en dwingende omstandighede vind wat 'n ligter vonnis regverdig nie. Na my mening het u advokate dan ook tereg toegegee dat hier nie sodanige omstandighede teenwoordig is nie.

Die vonnisse wat ek aan elkeen van u oplê is die volgende:

Beskuldigde 2, Andre Nyl, op klagte 1 LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF; klagte 2 LEWENSLANK; klagte 3 VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 4 VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 5, DRIE (3) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 6 EEN (1) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 7 VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 10 LEWENSLANK, klagte 11 VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 12 VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 25 LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF.

Beskuldigde 3, Daniël van Reenen, op klagte 1 word u gevonnis tot LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF; klagte 2 LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF; klagte 3 VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 4 VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 7, VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 25 LEWENSLANGE

<u>GEVANGENISSTRAF</u>, klagte 26 <u>DRIE (3) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>, klagte 27 <u>EEN (1) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>.

Beskuldigde 4, Merle Jennifer Stubs, op klagte 1 word u gevonnis tot <u>LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF</u>; klagte 2 <u>LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF</u>; klagte 3 <u>VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>, klagte 4 <u>VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>, klagte 7, <u>VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>.

Beskuldigde 1, Renaldo van Wyk - beskuldigde, ek wil dadelik vir jou sê dit wil my voorkom asof jy 'n sleg mens is. Ek dink u het vir uself 'n loopbaan van misdaad gekies en ek is ook nie seker dat korrektiewe dienste veel aan u heil kan doen nie. Weens u ouderdom word ek nie deur enige Wet verplig om aan u minimum strawwe op te lê nie, omdat u, toe elkeen van die misdade gepleeg is, in die teenwoordigheid van veel ouer persone was en moontlik deur hulle beïnvloed is, gaan ek aan u advokaat se versoek om nie aan u lewenslange gevangenisstraf op te lê nie, gehoor gee.

U het by sommige van hierdie misdade - en ek dink veral aan aanklagte 10, 11 en 12 - 'n leidende rol gespeel en die oplê van langtermyn gevangenisstraf is onvermydelik. Ek lê aan u die volgende vonnisse op:

Beskuldigde 1: op klagte 1 word u gevonnis tot <u>TWINTIG (20) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>; klagte 2 <u>TWINTIG (20) GEVANGENISSTRAF</u>; klagte 3 <u>VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>, klagte 4 <u>VYFTIEN (15) JAAR</u>

GEVANGENISSTRAF, klagte 7, VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 10 VYF-EN-TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 11 VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 12 VYFTIEN (15) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 13 DRIE (3) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 14 EEN (1) JAAR GEVANGENISSTRAF, klagte 25 VYF-EN-TWINTIG (25) JAAR GEVANGENISSTRAF. Vyftien (15) jaar van elk van die vonnisse wat op elk van aanklagte 1, 2, en 25 opgelê is, sal saamloop met die vonnis wat op aanklag 10 opgelê is. Die vonnisse wat op elk van aanklagte 3, 4, 7, 11, 12, 13 en 14 opgelê is, sal saamloop met die vonnis wat op aanklag 10 opgelê is. In effek beteken dit dat u effektiewe gevangenisstraf 40 jaar is.

..............................................................

VELDHUIZEN, R